

Weidings in die lente

deur dr Wayne Truter, weidingkundige, departement plantproduksie en grondkunde, Universiteit van Pretoria

Teen die einde van winter en met die aanbreek van die lente is weidingsbeplanning vir die komende groeiseisoen vir somerreënvalgebiede belangrik.

Beplanning en voorbereiding vir 'n droër en warmer somer in die winterreënvalgebiede is egter net so belangrik.

In die meeste somerreënvalgebiede behoort die meeste oesreste, indien dit beskikbaar was, klaar te wees en daar word nou baie gesteun op die voerbank. Die voerbank kan moontlik hooi, kuilvoer of selfs groen eenjarige en soms meerjarige winterweidings onder besproeiing wees, wat diere deur die sogenaamde doodmaakmaande sal help.

In winterreënvalgebiede is meeste veld- aangeplante weidings in 'n goeie kondisie en word goed benut. Voorbereiding sal egter nou moet begin om te verseker dat die weidings in die toekomstige droër en warmer somermaande nie te veel stremming kry weens oormatige beweiding in die lente nie.

Veld

Met die lente op ons en die hoop van vroeë reëns, is meeste van die veld in die somerreënvalgebiede óf yl weens 'n droër en koue winter met aaneenlopende beweiding wat plaasgevind het, óf verwyder is deur 'n wegholbrand. Sodra die hoeveelheid onbenutte gras vasgestel is, kan beplan word tot watter mate en hoeveel gedeeltes van die plaas gebrand moet word indien daar geen onbeplande brande was nie.

'n Addisionele rede vir brand is as daar tekens van bosindringing is, maar maak eers seker dat daar genoegsame brandstof (gras) is vir 'n vuur om te brand. So 'n brand moet beplan word sodat dit so naby as moontlik aan of ná die eerste reëns is.

Aangeplante weidings

Die suksesvolle oorwintering van vee word

vergemaklik met:

- Oesreste.
- Goeie lekaanvullings.
- Die regte geselekteerde aangeplante weidings.

Indien gematigde grasse in die somerreënvalgebiede onder besproeiing aangeplant word, kan verwag word dat meeste spesies nou in hulle tweede produksiepiek ingaan. Afhangend van die tempo van seisoensverandering, kan goeie produksie van weidings nog tot in Oktober verwag word. Hierdie kritieke tydperk gee subtropiese weidings (natuurlik en aangeplant) die geleentheid om uit te groei ná die winter en voldoende droëmateriaal te produseer voor dit bewei word.

Dit is ook nou belangrik om grondontledings te doen om vas te stel watter vlakke van bemesting vir die komende groeiseisoen vereis word. Indien bemesting voor die eerste reëns toegedien word, is dit uiters noodsaaklik om kalium te bemes as aangeplante weidings vir hooi- maakdoeleindes gebruik word en tot 'n mindere mate op weidings, omdat die voedingstowwe deur die mis van die diere hersirkuleer word.

Stikstof is net so belangrik, maar moet sover moontlik in meer gereelde en kleiner

“In die meeste somerreënvalgebiede behoort die meeste oesreste, indien dit beskikbaar was, klaar te wees en daar word nou baie gesteun op die voerbank”

hoeveelhede toegedien word om te verseker dat die plant dit wat toegedien word, doeltreffend kan benut en dat dit nie uitgelooë word voor die plant dit kan opneem nie.

Met betrekking tot ons beplanning vir die volgende drie maande sal ons moet fokus op die volgende:

- Op natuurlike veld kan die veeladings meer stelselmatig na die eerste goeie reëns verhoog word. In kampstelsels kan die rotasietydperk tussen kampe al hoe langer begin raak, weens die toenemende groei van subtropiese grasse in die somerreënvalgebiede. In die winterreënvalgebiede sal die oorgeweging sterk wees om 'n verlaagde veelading te begin handhaaf, aangesien produksie begin afneem weens minder reën.
- Op subtropiese aangeplante weidings, soos *Eragrostis curvula* (oulandsgras) kan oortollige dormante gras net voor die toediening van bemesting en ook voor die eerste reëns ontvang word, óf gebrand óf gesny word.
- Grondontledings moet nou gedoen word om 'n bemestingsprogram vir die komende groeiseisoen (somerreënvalgebiede) uit te werk.
- Indien sekere weidings al redelik oud is (tussen vyf en vyftien jaar, afhangende van die weidingspesie en grondtipe waarop dit geplant is) kan 'n tandroller of soortgelyke implement gebruik word om die kors van die weiding los te maak voor die bemesting toegedien word en voor die reëns kom, mits die grond nie te hard is nie. Andersins kan dit ná die eerste reëns gedoen word.
- Die volgende drie maande gaan die groei van weidings in die somerreënvalgebiede drasties toeneem. Teen die einde van Desember behoort die meeste subtropiese grasse in hulle piekgroeitydperk te wees. In winterreënvalgebiede sal die groeitempo van subtropiese grasse afneem weens die droër seisoen. Meerjarige, gematigde grasse mag dan besproeiing vereis. VP